# WAPENRUSTING – Borsharnas van Geretigheid / Vryspraak

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. YSBREKER: Gevriesde T-hemp

- Almal gaan buitetoe en gaan staan op die sement deel voor die kerk
- Die groepe moet kyk hoe vinnig hulle hul ysblokke kan breek, die T-hemp uitkry en een van die groeplede kry om dit aan te trek

## 3. DIE BORSHARNAS VAN GEREGTIGHEID/VRYSPRAAK:

- Vanaand gaan ons bietjie na die Borsharnas in die Wapenrusting kyk
- Hoekom is dit vir 'n soldaat belangrik om 'n Borsharnas te dra – wat beskerm dit? (belangrike organe soos jou hart en longe)
- Wie van julle kan onthou wat die Borsharnas in die Wapenrusting beskerm? (ons geregtigheid / vryspraak)
- Wat beteken Geregtigheid/Vryspraak – bespreek in julle groepe.

## 4. ILLUSTRASIE: Geregtigheid / Vryspraak

- Kry 'n vrywilliger om te help, trek 'n swart sak vir die vrywilliger aan.
- Ek het 'n rooi t-hemp aan waarop "Jesus het jou lief" geskryf staan – ek stel Jesus voor vir die doel van die illustrasie
- Ek gee vir die vrywilliger papiertjies met sondes op om op die swart sak te plak.
- Voordat ek tot bekering kom is DIT hoe ek lyk, swart en vol sonde – ek besluit ek het Jesus in my lewe nodig en gee my hart/lewe vir Jesus
- Jesus kom dan – en met SY bloed, maak HY my skoon – trek die swart sak vir die kind uit en trek 'n skoon, wit t-hemp aan.
- Wie maak skoon? Wie doen die werk? Ek of Jesus?
- KAN ek my eie sondes vergewe en wegvat? NEE – NET Jesus kan, so is ek nou skoongewas deur iets wat EK gedoen het?  NEE – deur wat Jesus gedoen het!
- En DIT is wat geregtigheid beteken – die dag wanneer ek my hart/lewe vir Jesus gee, dan raak ek geregverdig voor God – m.a.w as God na my kyk dan sien Hy my skoon voor Hom staan, met die wit t-hemp aan en nie meer met die swart sak vol sonde nie, maar dis nie omdat EK so oulik of goed is nie, dis omdat JESUS my skoon gewas het met SY bloed!
- God spreek my vry a.g.v. wat Jesus gedoen het en NIE a.g.v. iets wat EK gedoen het nie – en dis waar die vryspraak inkom – dit beteken ek is vrygepreek van my sonde, God hou dit nie meer teen my nie, Hy gaan my nie meer daarvoor straf nie.
- Maar dis nie waar dit eindig nie – wanneer ek skoongewas is, moet ek skoon bly, dit help nie Jesus se bloed het my skoongewas en nou leef ek maar net weer soos ek geleef het nie.
- Die wonderlike van dit is dat ek dit nou KAN regkry, want ek het nou hulp wat ek nie voorheen gehad het nie – Jesus in my – die Heilige Gees wat my help om nie te sondig nie – as ek Hom toelaat!

## 5. SATAN SE 'GAMEPLAN'

- Weet julle hoe amazing God is? Hy gee vir ons met die Wapenrusting 'n stukkie van satan se 'gameplan' om ons as Christene te probeer moed opgee, en teruggaan na 'n lewe saam met met HOM en nie saam met Jesus nie.
- Kom ons kyk gou na die 'clues' wat God vir ons gee – elke groep kry 'n pakkie met die 'Matching – game' by my en sit weer die stukke van die Wapenrusting bymekaar.
- Kyk of julle satan se 'gameplan' kan raaksien.

- Satan se ‘gameplan’ – sy doel is om dit wat jy kry by God, die dag van jou bekering, aan te val en te probeer “wegvat” van jou:

  - ***Die Waarheid***: Hy probeer jou laat glo dat God se Woord nie waar is nie, en probeer jou daaraan laat twyfel – is God regtig daar, is Hy wie Hy sê Hy is, het Hy en doen Hy wat Hy sê Hy doen, het die dinge in die Bybel regtig gebeur of is dit net ‘n klomp stories?
  - ***Jou Geloof***: Hy probeer jou laat twyfel aan dit wat jy glo, rondom jou kind van Godskap en aan God self.
  - ***Jou Verlossing***: Hy probeer jou laat twyfel daaraan dat jy REGTIG nou ‘n kind van God is – dit kan mos nie so maklik wees nie, kyk wat doen jy nog alles verkeerd!
  - ***Jou Geregtigheid/Vryspraak***: Hy probeer jou laat twyfel of God jou dan nou REGTIG vergewe het vir jou sondes. Hy probeer jou oorreed dat JY iets moet doen en dat dit nie so maklik is dat GOD al die werk doen nie, en wanneer jy weer sondig probeer hy jou so skuldig laat voel oor jou sondes dat jy moet teruggaan na die wêreld toe en nie verder die pad saam met Jesus stap nie!

## 6. PROCESS DIE YSBREKER:

- Die T-hemp in ons ysbreker stel ons Borsharnas voor wat ons Gregtigheid/Vryspraak beskerm.
- En soos ons in satan se ‘gameplan’ gesien het, is sy doel om dit van ons te probeer ‘wegvat’ – hy probeer dit amper ‘vries’ met sy leuens, sodat ons dit nie kan ‘gebruik’ nie
- Maar God kom waarsku ons dat dit satan se plan is, en daarom kan ons die blok ys wat rondom dit is ‘stukken gooi’ – satan se leuens, en ons geregtigheid/vryspraak ‘aantrek’

## 7. TREK JOU BORSHARNAS AAN:

- Nog ‘n stukkie van ons amazing God is dat Hy vir ons in die wapenrusting die wapen gee om elke stukkie leuen mee weg te veg – Die Swaard - Sy Woord
- Dis ons wapen wat ons gebruik om die leuens oor elke deel van die Wapenrusting mee te ‘fight’

- Bespreek gou in julle groepe HOE gaan julle die volgende verse gebruik om die Borsharnas en julle Geregtigheid/Vryspraak mee aan te trek: (clue – die les oor die swaard)

- ***Rom 3:23 – 24***: Almal het gesondig en is ver van God af, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van Sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.

- ***1 Joh 1:9*** – Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongregtigheid.

## 8. SLUIT AF MET GEBED IN DIE GROEPE EN KRY DIE SELFONE